# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**21 Januarie 2024**

# Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Toetredelied:** Psalm 33-1:11
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 146-1:1,2,3
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE:** Matteus 22:37-40
**Gebed**
**Skriflesing:** Jesaja 64
**Fokus:** Jesaja 64:4
**Sing:** Psalm 130-1:3,4
**Preek:**




**Tema:**
*God werk vir dié wat op Hom wag.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Lied 588:1,3
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Teologiese Studentekas.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 1
28 Januarie: Wyk 2
4 Februarie: Wyk 3



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Die katkisasie se opening vir die jaar is vanoggend na die erediens. Alle ouers van katkisante, Voorskools tot Graad 11, moet asseblief die opening saam met hulle kinders bywoon.

**BYBELSTUDIE :**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Ons gaan voort met die studie van die boek Handelinge. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel.
Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/jev-ttbe-hxv

**BREË KERKRAAD VERGADERING - 22 JANUARIE:**
Die Breë Kerkraad vergader Maandag om 18:00 by die kerkgebou.

**EXPANDO WEBINARE: GEBED – 2024:**

| Datum in 2024 | Onderwerp | Aanbieder |
|---|---|---|
| 25 Januarie | Hoe leer ek om te bid en hoe groei ek in my gebedslewe | Ds Marcel Floor |
| 1 Februarie | Waarom is gebed noodsaaklik | Ds Thomas Dreyer |
| 8 Februarie | Die inhoud van my gebed | Ds Hanno v Schaik |
| 15 Februarie | Gebedsverhoring | Ds Fanie Coetzee |
| 22Februarie | Die gesindheid waarmee ek bid | Ds Jaco Lemmer |
| 29 Februarie | Die Heilige Gees en gebed | Prof Gert Breed |

Hierdie webinare word aangebied vir alle gelowiges, Bybelstudie- en kleingroepe maar ook vir Kerkrade. Die webinare begin almal om 19:00 en duur tot min of meer 20:00 en bestaan uit 'n lesing en geleentheid vir vrae.
U ontvang ter voorbereiding 'n Bybelstudie en vrae wat u na die lesing kan beantwoord vir praktiese toepassing. Epos: gkexpando@gmail.com

**GEMEENTEKAMP – GK ODENDAALSRUS:**
Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus reël 'n gemeentekamp vir die naweek van 1-3 Maart 2024 te Aldam Estate. Hulle nooi ons gemeente ook

uit om dit by te woon. Volledige inligting oor die  pryse van akkommodasie en ander reëlings sal deur middel van ons gemeente se whatsapp-groep aan julle deurgegee word. Vir verdere navrae en besprekings skakel vir Wilmari Massyn (079 258 4006).



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 27 Januarie 2024

| | | |
|---|---|---|
| 22 Januarie | Rhyn Kruger | 076 596 3511 |
| 24 Januarie | Carol Olivier | 082 604 9680 |
| 27 Januarie | Sanya Lochner | 083 651 0379 |

Ons gemeente se emeritus-predikant, dr. Jansie du Plessis, verjaar Maandag 22 Januarie. Hy word dan 90 jaar oud. Hy woon in Paarl in 'n sentrum vir bejaardes. Sy selfoonnommer is: 082 921 4084.

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Ons vra voorbidding vir lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.
- Ons het verneem van die volgende lidmate wie se familie ernstige siekte ervaar, naamlik sr. Ria Opperman (083 236 5205) se pa is gediagnoseer met prostaatkanker en sr. Amanda Venter (079 633 4066) se swaer, Pietie Smuts, het 'n hartomleiding (drie are) ondergaan. Ons vra voorbidding vir hulle.

# Jesaja 64

1 As U maar die hemel wou oopskeur en afdaal — die berge sal bewe van u teenwoordigheid.
2 Soos vuur struikgewas laat opvlam, soos water deur vuur tot kookpunt kom, so sal die nasies bewe vanweë u teenwoordigheid, wanneer U u Naam bekend maak aan u teenstanders.
3 Toe U ontsagwekkende dade gedoen het wat ons nie verwag het nie, het U afgedaal; vanweë u teenwoordigheid het die berge gebewe.
4 Van die vroegste tye af het niemand dit gehoor nie, daarvan verneem nie, het geen oog 'n god gesien nie, buiten U, wat optree vir dié wat op Hom wag.
5 U kom elkeen tegemoet wat met vreugde doen wat reg is, wat op u paaie aan U bly dink. Kyk, U was toornig, en ons het gesondig. Ons het lank in sonde verkeer — sal ons verlos word?
6 Ons almal het geword soos iets wat onrein is, soos 'n besoedelde kledingstuk is al ons geregtighede. Ons almal het verwelk soos blare, en soos die wind het ons sondeskuld ons weggedra.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**

Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis:
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: Vrydag 08:00 - 13:00 (060 366 0166) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

***7 In Hom het ons die bevryding deur sy bloed, die vergewing van ons oortredings uit die rykdom van sy genade, 8 wat Hy oorvloedig aan ons geskenk het, saam met alle wysheid en insig.***

*~ Efesiërs 1:7-8 ~*

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA